# Lesing 04.08.2018 - Lesing 1 - Ernstige oproep na die Boerevolk se Gilgal Klipwiel

Openbaring ontvang op 31 Julie 2018

*Aan Daniel Grobbelaar*

"MY kneg, MY kind, skryf weer aan MY Volk! Wees kalm en loop oor die waters! Meesters oor jou aarde! Meesters oor MY Skepping! Skei die Lig en die duisternis met MY Lieflingsteen! EK IS! Luister in jou hart na wat EK vir jou sê. Gaan nou dadelik en met haas! Lees in die Evangelie van MY volgeling en geliefde kneg! Mattheus is sy naam. Kyk, EK het hom innig oneindig lief! Gaan lees die eerste drie verse van die derde hoofstuk en ook, voeg dit by hierdie skryfwerk van MY Gees!"

**Mattheus 3:1-3** - *"In daardie dae het JeHôWganan die Wasser (Johannes die doper) opgetree en in die wildernis van JeHûWdah (Juda) verkondig en gesê: 'Bekeer julle, want die Koninkryk van die Hemele het naby gekom.' Want dit is hy van wie deur die Profeet JeshaJaHûW (Jesaja) gespreek is toe hy gesê het:* ***Die stem van een wat roep in die wildernis****: Maak gelyk in die woestyn 'n grootpad [vir onse Elohey]! [JeshaJaH 40:3]"*

"Kan jy sien? Sien jy dit MY kneg? Is dit nie MY **Klipwiel** in Sion wat nou draai in julle tyd nie, MY Volk? Is dit nie MY knegte en verkondigers wat uitroep in julle woestyn-harte om julle te bekeer en terug te kom na MY nie? MY boodskappers, is dit nie MY Gees, julle Trooster, wat roep en werk deur julle monde en hande nie? MY Volk, maak gelyk in die woestyn van jou hart 'n grootpad vir MY! 'n Pad wat lei na die vleeswording van julle elkeen se harte! MY Lig van Vuur wat julle harte van klip sal smelt en suiwer vir MY en jou! Johannes, MY EliJaH! MY Voorloper in jou! Weereens! Weereens nooi EK jou uit MY Boerevolk, MY Huis van Juda! Los jou aardse materialistiese verbonde en kom sluit 'n Liefdes-Verbond met MY, jou Skepper, jou Ewige EK IS WAT EK IS! EK sal jou lei in die Wolkkolom deur die dag en in die Vuurkolom deur die nag! Berei 'n weg vir MY om in te kom in jou wildernis, en saam met jou te werk om jou woestyn te omskep in ons Paradys! Onthou MY Woorde: Daar sal 'n Nuwe Hemele en 'n nuwe Aarde wees! MY Nuwe Jerusalem sal neerdaal. Onthou jy MY Woorde? Julle wat slaap gaan MY mis soos dou in die vroeë oggend, want julle slaap laat! Hierdie is MY Liefdesversoek aan jou, MY Boerevolk, kom bring jou hart! Vertrou op MY alleen! Neem hierdie Brood in jou hand en kom eet saam met MY.

EK het reeds neergedaal op MY Berg Sion! MY Dogter, blaas die ramshorings! Seën MY Volk in elke windrigting en bid in jou hart! Hou aan MY Brood deel aan die armes en genees die siekes in MY Naam! Onthou, Vuurwarm onwankelbare Geloof in MY! MY Volk, kom terug na MY as EEN! EK wil Trou! Moenie langer uitstel nie, MY Oliebronne floreer en is eindeloos, kom skep en maak vol jou kannetjie! Wees 'n liefdesmaagd vir MY! Die oorlog is warm in die geesteryke; wapens gerig teen jou o Huis van Juda! EK IS spreek! Seël af jou Aarde met MY Liefdeslaer! EK veg dan vir jou! Edel is die man wat Liefde verkies! Edel is die Volk wat MY verkies! Neem jou vrye wil, dink aan MY en gaan wees lief vir jou naaste. Wees weer lief vir MY, MY Volk! Geseënd is die siel waarin MY Brood nou breek."

Openbaring op 2 Augustus 2018

*Aan: Daniel Grobbelaar*

"MY kinders, julle moet weet dat julle wat jul harte vir MY gee en MY Opdragte gehoorsaam uit Liefde, daar is groot seëninge oor julle gebring deur MY Krag en Lig. Wees geduldig en kalm in hierdie tyd en die duister tye wat kom. EK IS by jou en in jou. Seël jou hart af met MY Gees en hou aan trek oor die draak wat jou wil verniel en verlei! Moenie dat wêreldse dinge jou laat vrees of laat fokus verloor in jou doel vir MY nie.

Hou aan Liefde gee en gee! Hou aan glimlag terwyl jy MY bely! Wees vrolik terwyl jy jou naaste help en liefde gee. Wees dankbaar vir alles wat EK jou skenk en gee omdat EK jou liefhet. Wees ondersoekend wanneer EK dinge van jou af wegneem. Weet, daar is 'n geldige rede waarom alles gebeur in jou lewe, niks is gebaseer op, soos julle sê, "luck" nie. EK IS in beheer. Net soos 'n pa sy seun tugtig wanneer hy stout was, net so beloon daardie pa hom wanneer hy uit liefde en respek pa en ma se huisreëls nakom. Onthou altyd, as EK julle nie liefgehad het nie, dan het EK julle net so gelos en niks gedoen om julle op MY Weg te hou nie. As EK julle nie tugtig nie, sal julle vergaan op die weg van vernietiging en besoedeling. Jy sou 'n verlate weeskind gebly het, al die dae van tye as EK nie jou in MY Hart gedra het as Skepper en Vader nie.

MY Volk, weet dat EK deur MY Krag 'n groot vloek oor jou gebreek het wat MY teenpool en haar volgelinge oor jou probeer uitspreek het. Maar weet dat EK, as die Dryfkrag van MY **Klipwiel** in Sion, het MY Wiel vinniger laat draai! MY Boerevolk in Suid-Afrika, soos EK reeds gesê het, daar is baie gevaarlike wapens teen jou gerig omdat EK jou uitverkies het! As EK nie MY engele en boodskappers as geestelike wagte oor julle laat waak nie, sal MY teenpool julle oorweldig! Dit is hoe lief EK jou het, EK, JaHshua, die Oorwinnaar van die ewige dood! MY Duif kom oor julle hoofde neer, julle wat MY verkies! Wees lief vir MY, vrees nie! EK IS jou Lig en Verlosser!

Ongelukkig is dit ook so dat as julle MY nie liefhet, eer en soek in julle harte nie; en ook nie MY ontelbare

openbaringe en boodskappe in ag neem nie, dan gaan EK julle moet tugtig, EK, jou liefdevolle VADER wat omgee oor jou siel se bestemming. EK wil elkeen van julle terugkry by MY Huis, jou Hemele Tuiste, jou Beloofde Land! Daar het vandag ‘n baie lelike ding gebeur tussen broer en broer waarvan baie van julle nie weet nie. Ongelukkig, wanneer julle haat vir mekaar het, dan het julle haat vir MY en MY Woord. Dus sal EK jou laat gaan op jou vernietigende weg van liefdeloosheid met jou oppervlakkige siel en hart van klip. Soos EK gesê het, seun sal teen pa rebelleer en dogter teen moeder, broer teen broer, suster teen suster! MY Volk, kyk na jouself en aanskou die waarwording van hierdie woorde van MY! Weet ook, EK nooi jou steeds uit o hartjie van klip! EK IS Barmhartig! EK IS LIEFDE en sonder LIEFDE vermag julle niks wat vir julle verlossing gaan bring nie, want julle gehoorsaam nie MY Opdragte en Gebooie nie.

MY Boerevolk, oor jou is daar duister hatende geeste gestort soos riool in die Vaal! Jy ondergaan groot aanslae, fisies sowel as geestelik! Laat ek dit duidelik stel: MY teenpool wil jou finaal vermoor, o Boerevolk! EK IS SPREEK! EK IS die Ewige Oerbron van alle Krag en Mag! EK het MY Wysheid aanskou en Sy was goed en is goed vir MY! MY Waarheid so vol prag en Lig! MY Seun! MY Seun! MY Seun! ONS het oorwin! MY Geloftevolk, weet dat as jy jouself afseël binne MY en alles oorgee aan MY en MY jou Eerste Liefde maak, dan het jy klaar oorwin! Dan is jy MYNE! Dan is jy geseënd in MY en al MY Beloftes vanaf die begin sal vir jou waar word! EK sal voorsien, want EK IS JaHWeH! EK IS GETROU en EK wil EEN word met jou, MY Bruid! Bring jou hart, jou siel, bring haar na MY en EK gee jou MY Krag tot Ewige Lewe.

Ons ontbind alle magte en bose geeste deur MY Krag en Liefde! Onthou, daar waar MY Liefde en Lig heers, daar vlug die bose, want hulle kan nie die Lig van Openbaring hanteer nie! Daarom sal die bose eerder in die varke in vlieg!

Dawid, jy het Goliat verslaan met MY Waarheidsklip! MY Dogter, MY Sion! Daar staan geskrywe: 'Dawid het die Bergvesting Sion ingeneem. Sy is die Stad van Dawid.'

Dit is genoeg vir nou, MY kneg. Skryf hierdie neer! Wees gefokus op MY en wandel in elke gedagte saam met MY aan jou sy.”

Openbaring ontvang op 3 Augustus 2018

*Aan: Daniel Grobbelaar*

“MY kneg, EK IS! Hier is EK! Raak rustig in jou hart. Jy is toornig teenoor jou en MY Volk. EK ken jou hart en het jou geken voordat jy voet neergeplaas het op hierdie aarde.

EK sluit die monde van die vyande! Hulle woorde en dade val op klippe en lei na niks! EK IS Almagtig! Luister nou na MY! EK gee nou hierdie Opdrag aan jou en MY ander knegte van MY Volk. EK spreek dit in die harte van MY kinders! Hier is dit: **Deuteronomium 28!**

EK Wil dat julle hierdie skrywe as Brood deel aan MY Volk en doen dit met Erns en Liefde, doen dit met haas en ywer! Hierdie spreuke van seën en vervloeking moet ernstig oorweeg en ondersoek word deur elkeen van julle. Lees MY Woorde met ERNS! Die Tyd van diepe nag het aangebreek! Net EK ALLEEN kan jou red! Gee oor aan MY, gee alles aan MY! EK IS LIEFDE! Die Tyd wat EK jou gun uit MY Barmhartigheid is min, hoe vol is jou oliekannetjie? Is jou hart vol van MY en MY Woord? Het jy jouself gevoed en het jy voorberei? Is jy besig om MY ‘n glasie water en ‘n vars broodjie aan te bied? Klee jy MY? Deel jy jou Liefde met MY? Verstaan julle hierdie Woorde van MY?

**Deuteronomium 28!** Gee die aan MY Volk met die woorde: *‘Geseënd is julle wat die Wet en Gebod van Liefde tot VADER en NAASTE **doen**. Julle weet wie julle is; en oor julle het MY Seën gekom en julle rys uit bo die draak! Vervloek is julle wat MY Wet en Gebod van Liefde tot VADER en NAASTE verag en haat! Julle weet wie julle is, want MY Gees openbaar dit aan julle! Oor julle het MY Geregtigheid gekom! Julle het die vervloeking self oor julle gebring en kan MY dus nie blameer nie!’*

Eet hierdie Brood, en besluit self; wil jy MY Brood inneem of uitspoeg. Huis van Juda, voeg jou tot MY **Klipwiel** as jy MY Wil soek en eer. Bring seën oor jou aarde deur jou hart van klip te bring vir MY, jou VADER! **<u>EK soek harte van Liefde</u>**.”